

Kom verken Oudtshoornstreek

Saamgestel deur THEUNS BOTHA
Streekbibliotekaris, Oudtshoornstreek

Die Oudtshoornstreek is in Augustus 1989 tot stand gebring nadat die werkslading van George- en Mosselbaaistreke te groot geword het. In 1994 is vier biblioteeksentra na die Oos-Kaap Provinsie oorgeplaas. Tans bestaan die streek uit die munisipaliteite van George (voorheen Eden DM), Oudtshoorn en Kannaland. George Munisipaliteit lewer diens by twee biblioteke en twee trolliebiblioteke in die Klein Karoo, Oudtshoorn by vyf biblioteke en Kannaland by vier biblioteke. Hier volg 'n opsomming van die onderskeie biblioteke.

George Munisipaliteit

Haarlem Openbare Biblioteek

Die biblioteek is geopen op 15 Augustus 2008. Voorheen was daar 'n bibliotekie met geskenkboeke wat in 1995 met provinsiale voorraad vergroot is onder die verantwoordelikheid van die Cape Agency for Sustainable Development in Rural Areas (Casidra) wat dit weer oorgedra het aan die Gemeenskapsontwikkelingsprogram (GOP)-komitee. Dit het egter in 2005 doodgeloop weens gebrekkige personeelvoorsiening. Die nuwe gebou is as anneks langs die gemeenskapsaal gebou, bokant die appeltrein se spoor hoog teen die berg, met 'n uitsig oor die dorp en die pragtige vallei waar inwoners woel om 'n bestaan te maak uit 'n eie lappie grond.

Die biblioteek het vinnig gegroei en word vir ontspanning (veral in die af-seisoen, wanneer die appelbome rustend is) gebruik, maar ook deur leerders deur die loop van die jaar. Met 'n Rural Internet Connectivity (RIC)-projek kon Internet beskikbaar word. Personeel: een biblioteekassistent; een biblioteekhulp (Voorwaardelike Toelaag).

Ledetal: 870
Sirkulasie: 26,036
Voorraad: 9,835

Unionsdale Openbare Biblioteek

Die Unionsdale Subskripsiebiblioteek is in 1882 gevorm. Dit word al vanaf 1896 in die huidige gebou gehuisves maar die gebou is later grootliks verbeter. William B Taylder, 'n plaaslike sakeman, was van 1886 tot 1929 'n groot steunpilaar in die komitee wat die biblioteek bestuur het. Hy het ook 'n trust uit sy boedel laat skep waarby die biblioteek jaarliks gebaat het, maar dit is onseker of dit nog bestaan en waar die geld in onlangse jare aangewend is aangesien dit nie direk deur die biblioteek ontvang en gebruik is nie. Die biblioteek het in 1959 by die Provinsiale Biblioteekdiens geaffilieer.

'n Tweede biblioteek is later in die woonbuurt Lyonville gebou en bedryf maar in die 90's is dit weer gesluit tydens 'n proses van rasionalisering van biblioteke. Behalwe die dorpsgebied bedien die biblioteek ook lede op plase. Internet is beskikbaar en oudiowisuele materiaal word goed benut, waaronder bloklennings van oudioboeke. Die huidige bibliotekaris, Johanna Myburgh, is reeds 30

jaar diensdoende.
Personeel: een bibliotekaris; een biblioteekassistent.

Ledetal: 1,240
Sirkulasie: 25,939
Voorraad: 13,001

Avontuur Trolliebiblioteek

Twee trolliebiblioteke is in Julie 2009 staangemaak in 'n toegeboude stoepgedeelte wat ook deels personeel- en teekamer vir die primêre skoolpersoneel was. Dit was beknop! Twee jaar later is 'n gedeelte aan die ander kant van die lang stoep toegebou en hoewel steeds klein kon die bibliotekie sy eie ruimte kry. Dit word druk besoek in sarsies van vier (twee grootmense en twee kinders) sodat almal darem 'n draairuimte het. Muiset het ook die bibliotek gereeld besoek: daar was darem 'n stoel waarop die bibliotekdame kon spring! Daar word gehoop op verlengde ure wanneer geld beskikbaar raak.
Personeel: een bibliotekassistent (Voorwaardelike Toelaag).

Ledetal: 290
Sirkulasie: 8,710
Voorraad: 1,663

Noll Trolliebiblioteek

Die eerste trolliebiblioteek in die streek is in Desember 2007 by die Dieprivier Primêre Skool geopen. Die bestaande skoolbiblioteek, in 'n nuwerige losstaande geboutjie

met moderne rakke waarop sowat 3,000 eie voorraad-boeke was, het die huisvesting gebied. Personeelvoorsiening was aanvanklik so 'n probleem dat die trollies onbeman geraak het voordat die huidige biblioteekassistent vanaf Julie 2009 'n deurlopende diens kon bied. Die gemeenskap woon op omliggende plase en behalwe die skool is daar langs die R62 net 'n winkel en 'n Agrimark. Daar is 'n stadige groei in sirkulasie oor die laaste drie jaar en 'n lewendige belangstelling in Engelse fiksie (fantasy).
Personeel: een biblioteekassistent (Voorwaardelike Toelaag).

Ledetal: 105
Sirkulasie: 2,568
Voorraad: 1,522

Oudtshoorn Munisipaliteit

Bongolethu Openbare Biblioteek

Michael Schultz, alombekende voormalige stadsklerk van Oudtshoorn, het 'n warrelwind-projek gedryf wat die biblioteek en aangrensende crêche soos 'n paddstoel laat opskiet het. Dit is in Desember 1991 geopen: die eerste wat 'n hoofsaaklik Xhosa-sprekende gemeenskap sou bedien. Dit was ook die eerste biblioteek in die streek waar die publiek toegang kon kry tot die Internet deur die Cape Gateway-projek. 'n Besigheidshoekie (Business Corner) is ook gevestig maar dit het nie aan verwagtinge voldoen nie. Sedertdien het 'n groot groep Afrikaanssprekende lede uit die nabygeleë Bridgton-gemeenskap aangesluit en die voorraad moes aangepas word. Inhuise gebruik van koerante en tydskrifte het gegroei en baie mense maak van die fotostaat-fasiliteit gebruik. Die sirkulasie van boeke het oor die laaste vyf jaar konstant gedaal.
Personeel: een senior biblioteekassistent; een biblioteekassistent (halfdag, Voorwaardelike Toelaag); een skoonmaker.

Ledetal: 1,492
Sirkulasie: 9,311
Voorraad: 14,228

Bridgton Openbare Biblioteek

Bridgton Biblioteek is in Maart 1977 geopen en is steeds in dieselfde gebou, tussen die

polisiestasie en die gesondheidsdepartement se kliniek, dus sentraal geleë in die woongebied. Twintig jaar later is die oranje en olyfgroen afwerking vervang met pragtige blou skakerings in 'n vernuwende, aanloklike binne-ontwerp. In die Afrikaanssprekende gemeenskap het die Business Corner-projek ook hier stadig gekwyn, grotendeels omdat die voorraad net in Engels was. Die biblioteeksaal word gereeld deur organisasies vir vergaderings gebruik. Die biblioteek is middag 'n byenes wanneer skoolprojekte afgehandel moet word.
Personeel: een senior biblioteekassistent; een biblioteekassistent (halfdag, Voorwaardelike Toelaag); een skoonmaker.

Ledetal: 3,850
Sirkulasie: 34,791
Voorraad: 19,534

CJ Langenhoven Gedenkbiblioteek

In die tagtigerjare van die 19de eeu het heelwat subskripsiebiblioteke hul deure geopen, ook die Oudtshoorn Reading Circle. In 1960 het lidmaatskap van die Provinsiale Biblioteekdiens gekom. Die biblioteek was toendertyd gehuisves in 'n pragtige sandsteengebou met houtvloere en skuifraamvensters. Daar was aparte ingange vir volwassenes en kinders. Laasgenoemdes het 'n lekker sonnige deel aan die noordekant gehad. Die reuk van leergebinde boeke uit die ou subskripsie voorraad het 'n mens verwelkom. Die biblioteek verhuis in 1973 na die CJ Langenhoven Gedenkbiblioteek: die 100-jarige herdenking van Langenhoven se geboorte word in Augustus met feestelike gevier. Die gebou was indertyd een van die modernste en argitektonies treffendste biblioteke in die provinsie. Die ou sandsteengebou word mettertyd 'n ouetehuis genaamd Tuishuis en een vertrek kry darem weer biblioteekstatus – 'n satellietdiens van CJL Biblioteek. Die personeelvoorsiening was op standaard, selfs ruim, waaronder 'n gekwalifiseerde kinderbiblioteekaris, Marlene Johnson, wat toonaangewende werk gelewer het.

Inwoners van omliggende dorpe soos Dysselsdorp, De Rust en Calitzdorp wat in die groeiende Oudtshoorn werk of woon, besigheid doen of kinders op skool het, het mettertyd distrikslede geword wat die voordeel van CJL Biblioteek se uitstekende boek- en ander voorraad wou benut. Die biblioteek ontvang heelwat skenkings

waarvan die bruikbares deur 'n deelytse katalogiseerder aangewins word. Die groot Africanaversameling word tans ontsluit. 'n Staanlêer is opgebou vir gebruik met veral skooltake. 'n Goeie studieverzameling voorsien in leerders en tersiêre studente se behoeftes. Onlangs is 'n stoep toegebou en die studie- en naslaanafdeling is daarheen verskuif. Vier rekenaarstasies is daar ingerig en verleen 'n nuwe dimensie aan inligtingver-skaffing.

Uitbreidingswerk word onder leiding van die huidige bibliotekaris, Elbé Kruyt, gedoen: 'n biblioteekbewusmakingsprogram word by skole in die distrik aangebied en 'n 'Spelling Bee'-kompetisie word gehou waaraan meer skole elke jaar deelneem. Die biblioteek het in 2011 'n toekenning van die Departement van Kultuur en Sport (DECAS) ontvang vir die beste sirkulasiesyfers van die jaar. 'n Diens word aan twee ouetehuisse gelewer.

Personeel: een hoofbibliotekaris; een senior bibliotekaris; nege biblioteekassistentes (drie Voorwaardelike Toelaag); een skoonmaker.

Ledetal: 21,496
Sirkulasie: 252,571
Voorraad: 71,796

De Rust Openbare Biblioteek

Hoewel affiliasie by die provinsie reeds in 1962 gedoen is, is die biblioteek eers in 1966 geopen. Dit is deel van die munisipale gebou in 'n systraat, maklik uitkenbaar vanweë die groot ou kokerboom voor die gebou. Die biblioteek het sy op- en afswaai deur die jare gehad met verskillende gebruikersgroepe, van plaasemense tot kunstenaars, ywerige kinderlesers en taakgerigte, nie-lesende skoliere. Die provinsie het 'n dekade gelede opgradering gefinansier en die gebou is geverf, 'n netjiese, funksionele afskorting is tussen die biblioteek en munisipale kantoor geplaas ('n klankdemper wat die stadsklerk se gesing en gefluit vir die biblioteekbesoekers verlore laat gaan het); 'n doelmatige toonbank en 'n volvloermat oor die houtvloer; wat ook voetstappe gedemp het. Nou kon die *Stilte asseblief*-bord verwyder word. Die biblioteek bedien ook die Blomnek-gemeenskap wat bult-op in die rigting van Oudtshoorn geleë is en waar tans 'n uitbreiding met Herontwikkelingsprogram (HOP)-huise tot stand kom.
Personeel: een senior biblioteekassistent; een biblioteekassistent (halfdag, Voorwaardelike Toelaag).

- ▶ (Lnr) Bridgette Davids, biblioteekhulp en Paulina Adams, biblioteekassistent van Haarlem Biblioteek



- ▼ Uniondale se kinderafdeling



- ▶ Johanna Myburgh, die bibliotekaris aan die stuur by Uniondale Biblioteek



- ▲ Avontuur se trolliebiblioteek word in sarsies van vier op 'n slag besoek



- ◀ Brumilda Jansé, biblioteekassistent wat sorg dat dinge vlot verloop in Avontuur Biblioteek

- ▶ Noll Trollie-biblioteek wat in Dieprivier Primêre skool gehuisves word



- ▲ Mev K Conn, biblioteekassistent in beheer by Noll

▼ Kinders van oraloor in De Rust maak goed gebruik van voorraad in die kinderafdeling



▲ (Lnr): Freddy de Bruin, senior bibliotekassistent, Rachel Le Roux, die skoonmaker en Dawie Stalmeester, Voorwaardelike Toelaag is die pasaangeërs in De Rust Biblioteek

► (Lnr): Nicolaas Van Hansen, Voorwaardelike Toelaag; Helena Badenhorst, skoonmaker en Louwrens Hattingh, bibliotekaris van Bridgton Biblioteek word omtrent op hul tone gehou deur ywerige gebruikers



▼ In Bridgton Biblioteek gaan dit smiddae dol



▼ CJ Langerhoven Biblioteek se span. Agter (lnr): Mbulelo Mackay, bibliotekassistent; Zimkhitha Harris, bibliotekassistent; Cornel Coetzee, Voorwaardelike Toelaag; Isabella Hendricks, skoonmaker; Dorothy Platjies, bibliotekassistent; Karin Titus, Voorwaardelike Toelaag; Preneze Pedro, bibliotekassistent; Denise Meyer, bibliotekassistent en Thembinkosi Mjewe, bibliotekassistent. Voor (lnr): Mildred Stalmeester, Voorwaardelike Toelaag; Phumla Mfuku, senior bibliotekaris en Thandiwe Baholo, skoonmaker. (Elbe Kryt, hoofbibliotekaris was afwesig)

▼ Besoekers en gebruikers is ewe welkom by CJ Langenhoven Biblioteek



Ledetal: 1,711
Sirkulasie: 23,422
Voorraad: 11,888

Dysselsdorp Openbare Biblioteek

Die dorp met sy pragtige uitsig op die Swartberge is 18km van Oudtshoorn (waarmee dit 'n nou ekonomiese band het en waar baie inwoners werk vind). Besonders aan Dysselsdorp is die vervaardiging van drop (oftewel soethout), van die wortels van die liquorceplant *glycyrrhiza glabra*, wat op die walle van die Olifantsrivier groei. Voorraad word feitlik in geheel na die buiteland uitgevoer.

Die biblioteek is in 1978 geopen. Dit is redelik onlangs toegerus met lugreëling en het ook 'n sekuriteitstelsel. In 2005 is 'n speelgoedbiblioteek deur Paula van Feijfeken tot stand gebring en deur 'n Nederlandse tak van die Rotariërs befonds. Dit vorm deel van die openbare biblioteek. Die bibliotekaris, Katriena Lewie, is al 23 jaar aan die stuur.

Personeel: een senior bibliotekassistent en een bibliotekassistent, halfdag (Voorwaardelike Toelaag).

Ledetal: 2,430
Sirkulasie: 17,635
Voorraad: 11,219

Kannaland Munisipaliteit

Calitzdorp Openbare Biblioteek

Reeds gestig in 1959, het die biblioteek in 1982 sy huidige tuiste as aneks van die munisipale kantoor gevind. In die Bergsigwoongebied het ook 'n biblioteek en saal verrys maar na 1994 is daar gerasionaliseer en dit is gesluit. 'n Groter gemeenskap as waarvoor beplan is moes uit die biblioteek in Voortrekkerstraat bedien word, dus is dit 'n beknopte maar tog gesellige biblioteek. Die enigste leeskring in die streek wat van die Provinsiale Diens gebruik maak funksioneer op Calitzdorp, wat ook die Port-hoofstad van Suid-Afrika genoem word. Die leeskring is tans in 'n groeifase en die streekbiblioteek trek noustrop om leesstof te voorsien. Rekenaars is geïnstalleer met 'n RIC-projek.

Personeel: een bibliotekaris; een bibliotekassistent.

Ledetal: 1,020
Sirkulasie: 26,993
Voorraad: 12,322

Ladismith Openbare Biblioteek

Hier is nou 'n noemnaam wat verskil van 'n doopnaam, want die biblioteek se doopnaam is die CJ Langenhoven Biblioteek! Dit het 'n sterk historiese assosiasie, ook met ander bekende Afrikaanse skrywers, by name Abraham H de Vries, Fred Crafford, Morkel van Tonder en Izak van Tonder; ook met Nia Coetzee, die joernalis en Burgerkorrespondent, wat bibliotekaris was toe die huidige biblioteek in Augustus 1968 betrek is en vir 40 jaar daar diens gedoen het.

Rasionalisering van biblioteke het ook hier plaasgevind toe die Nissenville Biblioteek in 1999 sy deure toegemaak en die leners oorgeplaas is na die Langenhoven Biblioteek. Die biblioteek het geen opgradering sedert sy ingebruikstelling in 1968 gekry nie. Van Nissenville se rakke is wel oorgeneem om meer voorraad vir 'n groter gemeenskap te voorsien. Met rekenarisering het die ruimte nog kleiner geword. Die biblioteeksaal word druk gebruik vir vergaderings en opleiding, veral deur die munisipaliteit. 'n Klompie kieskeurige lesers verseker 'n lewendige interbiblioteekleninginteraksie met die streekbiblioteek. Vir amper 'n dekade na 2000 was die personeelvoorsiening benard – vir lang tye was daar net een personeelid, maar met die Voorwaardelike Toelaag gaan dit nou beter en sirkulasie toon 'n stygende tendens.

Personeel: een bibliotekaris; twee bibliotekassistent; een skoonmaker.

Ledetal: 1,336
Sirkulasie: 48,220
Voorraad: 19,053

Van Wyksdorp Openbare Biblioteek

Cathy Alchin het in 1993 met afgeskryfde provinsiale boeke 'n bibliotekdiens begin waaruit 'n depot met provinsiale voorraad gegroei het. Dit het in 1995 begin diens lewer uit 'n 'spaarkamer' van die Gesondheidskliniek. 'n Ander heencome moes gevind word omdat die eienaars van die gebou, die NG Kerk, nie geweet het van die

depot se okkupasie nie. Klagtes is geopen dat bibliotekgangers die mure vuil vat, kinders die hekkie in die omheining afry, en diefstal uit die mobiele kliniek plaasvind. Die depot trek toe na die skool. Die munisipaliteit van Van Wyksdorp het in 1997 affiliasie verkry by die provinsiale diens maar het nie fondse bewillig vir die onderhoud nie; 13 jaar van vrywillige bibliotekaris (Eta Bruce – 'n volle dekade) en gratis huisvesting volg. Daar word van die skool af geskuif na die Oasis Gemeenskapsdiens se gebou, 'n ou skoolkoshuis – die eetkamer word die bibliotek, regoor die kombuis waar nog woes gekook word vir die kinders in die 'shelter'. Uitasem kom gebruikers by die toonbank aan na 'n klim van 20 steil trappe aan die buitekant. Die trappe raak naderhand eens te veel vir die lesers en die biblioteek skuif na 'n lokaal aan die voorkant wat leeg raak. Nou is Van Wyksdorp reg vir die eeu van die rekenaar en kom agteros ook in die kraal! Personeel: een bibliotekaris.

Ledetal: 184
Sirkulasie: 5,206
Voorraad: 5,175

Zoar Openbare Biblioteek

Onder bestuur van die Landelike Ontwikkelingskorporasie (LANOK) is 'n depot in 1997 op die gemeenskapsplaas Amalienstein geopen. Daarna het 'n HOP-ontwikkeling langs die plaas gekom en die Ladismith Munisipaliteit het 'n erf geormerk vir 'n bibliotek wat die hele Zoar-gebied sou bedien. Die provinsie het in 2002 geld bewillig vir 'n bibliotek wat eers sewe jaar later so ver voltooi was dat die diens einde 2009 met twee trolliebiblioteke begin is. Ná nog ses maande was daar darem boeke op die rakke. Die sirkulasie en ledetal het oor die laaste drie jaar vinnig gegroei ten spyte van 'n gemeenskap wat verspreid oor 'n groot gebied woon. Dit het waarskynlik 'n piek bereik. Personeel: een bibliotekaris; een skoonmaker.

Ledetal: 1,149
Sirkulasie: 25,934
Voorraad: 8,195

▼ Bongoletu Biblioteek het sy deure in 1991 oopgemaak en is die eerste biblioteek wat 'n hoofsaaklik Xhosa-sprekende gemeenskap bedien



▲ Hier is (lnr) Ruth Mfuku, biblioteekassistent saam met Cynthia Twani, die skoonmaker van Bongoletu Biblioteek. (Levone Liza is afwesig)

▶ (lnr): John W Jansen, biblioteekassistent, Voorwaardelike Toelaag; Katrina Lewie, bibliotekaris en Abraham Avontuur, die skoonmaker en tuiner. Katrina is reeds 23 jaar aan die stuur in Dysselsdorp



▼ Die vrolike en helderkleurige binnekant van Dysselsdorp Biblioteek



▼ Calitzdorp Biblioteek is klein maar gesellig en bedien 'n groot gemeenskap



▼ Die vroue aan die stuur in Calitzdorp is (lnr): Sanet Anthony, biblioteekassistent en Joan Botha, bibliotekaris



► Ladismith Biblioteek se vrolike uitleentoonbank

▼ Personeel in Ladismith Biblioteek het hul hande vol om die meer as 1,300 lede te bedien. (Lnr): Gloria Fortuin, biblioteekassistent; Murusda van Heerden, biblioteekassistent; Barbara Gunther, bibliotekaris en Thomas Heath, biblioteekassistent



▼ Van Wyksdorp Biblioteek het gebruikers oorspronklik vanuit uit 'n 'spaarkamer' van die gesondheidsdepartement bedien

▼ Margaretha Alberta Bruce is die bibliotekaris wat dinge aan die kook hou in Van Wyksdorp



▼ Zoar Biblioteek het sy ontstaan op 'n plaas in Amalienstein gehad. Sirkulasie het in drie jaar vinnig gegroei



▲ (Lnr): Elisma Baartman, die bibliotekaris saam met Reona Arend, biblioteekassistent in Zoar Biblioteek

